# 7 Mei - HAASTIG

**Skrifgedeelte: Psalm 119:57-64 (NAV/OAV)**
**Fokusgedeelte: Psalm 119:60**

Dis gewoonlik as daar iewers iets verkeerd is dat 'n mens jou moet haas: "Ek moes vroeër opgestaan het ..."; "Voet in die hoek, ek gaan laat wees vir my afspraak ...!"

Soms moet 'n mens jou egter haas omdat die Here jou daartoe beveel: op die vooraand van die uittog uit Egipte moes die Israeliete die Paasmaaltyd haastig eet – gereed, oorgehaal om te vertrek (Eks 12:11). Die digter van Psalm 119:60 sê byna in dieselfde asem: "Ek talm nie, ek haas my om u gebooie te onderhou."

Hierteenoor is die ongeërgde kalmte waarmee mense hulleself deesdae in hulle sondige lewens verlustig weer 'n bevestiging dat Jesus se koms naby is (Matt 24:36 ev.; Luk 17:26-30). Uiteindelik sal sulke mense tussen al hulle bedrywighede deur vergaan (vgl. Jak 1:11b).

Al is die tyd soms dus so min, en al moet ons ons soms teen wil en dank haas, kan ons in die vrede lewe dat *die tyd* in die Here se hand is. Josua 10 vertel ons hoe die Israeliete die Amoriete verras het. Josua was egter bang dat die tyd hom sou inhaal en die Amoriete sou toelaat om te ontsnap. Maar op sy gebed het die Here dit beskik dat die son daardie dag stil gestaan het: "Die son het halfpad in die hemel bly staan. Byna 'n volle dag was hy nie haastig om onder te gaan nie ..." (Jos 10:13).

Ons tye is in die hand van die Here – Hy wat sy beloftes in die volheid van die tyd vervul (Gal 4:4). En al is "geduld" deel van die vrug van die Gees, mag ons *die Here van die tyd* respekvol vra om Hom ook te haas om ons gebede te beantwoord (vgl Ps 38:23).

Soos alle dae, behoort hierdie dag ook aan die Here. Wees vandag daarom rustig in Hom – Hy regeer. En haas jou om Hom te dien.

*Sing: Psalm 70:2 & Psalm 119:20 (1936-beryming)* *Ds DF Muller (Buffeldoorns)*